Tema: Hoe bou jy die koninkryk van God?

Vooraf sang
Lied 190: 1,2,3
Lied 215: 1,2,4,5.

Ontmoetingsdiens

Intreelied en Votum Ps 67 – 2: 1 en 3
Seëngroet
Loflied Ps 97 – 2: 1,3,4
Geloofsbelydenis
Sing Ps 97 – 2: 5

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eks 20
Sing Ps 130 – 1: 2
Vryspraak
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing **Genesis 1: 1**
Jesaja 9: 5 – 6
Matteus 3: 1 - 12
Teks: Matteus 3: 1 en 2
Woordverkondiging;

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB
Sing: Lied 428: 1 , 4
Seën
Amen Sb 13-3.

Geliefde brs en srs en kinders

Nog ‘n nuwe jaar lê voor ons uitgestrek. ‘n Jaar waarin elkeen ons in ons verhouding met God weer besig gaan wees met die dinge wat Hy in sy Woord aan ons openbaar. Nou wil ek vir jou vra: dink jy regtig dat daar hierdie jaar iets nuuts gaan wees in wat God vir jou sê?

Brs en srs, is dit nie so dat ons **die basiese dinge van die Woord van die Here al so goed ken dat ons dalk vir onsself voorop gestelde idees vorm oor wat die Here oor ‘n saak sou sê** nie? Dat ons daarom nie regtig meer die diepe, kragtige openbaring van God in sy Woord raaksien nie?

‘n Mens of kerkgemeenskap **kan so gekondisioneer word deur hulle omgang van die Woord dat jy naderhand jou eie betekenisse aan wat God sê begin toedig.** So vul jy dalk sekere begrippe van die Bybel met jou eie inhoud om dit vir jou iets te maak waaraan jy kan vashou. So kan wat God oor bv oor die doop of oor die uitverkiesing sê naderhand ‘n heel ander betekenis in kerklike kringe kry.

Die betekenis word gewoonlik so verander dat dit my as gelowige passief maak in my verantwoordelik. Dit is maar eie aan ons aard dat ons iets sou vervorm sodat dit nie te veel van ons vra nie. **In sy ergste vorm kan betekenisse van begrippe so verander word dat dit net tot my voordeel strek** – terwyl die Here dalk iets heel anders daarmee bedoel.

Dit is wat gebeur het met die gelowiges se omgang met die begrip “koninkryk van die hemel” waarvan Johannes die Doper in ons teksverse praat en dit gebeur ook vandag in die denke van gelowiges.

En daarom wil die Here vir ons sê: Bekeer julle sodat Ek julle kan gebruik om my heerskappy sigbaar oor die hele aarde uit te brei. Bekeer jou denke oor die koninkryk van God en ook jou dade daarbinne sodat God deur jou sy koninkryk sigbaar kan uitbrei. Dit is die kern van die boodskap vanoggend.

Ons gaan eerstens kyk na wat die begrip “koninkryk van God” beteken in die konteks van ons teksverse.
Tweedens gaan ons hoor wat dit nie beteken nie
Derdens gaan ons hoor wat God van ons wat deel van sy Ryk is verwag.

Ons teksgedeelte begin met die woorde “in daardie tyd”. Waarna verwys “daardie tyd” ? Dit verwys na twee sake. Eerstens verwys dit na die tyd van Christus se geboorte en hoe die sterrekykers by Herodes gekom het om te vra na die geboorte van die koning van die Jode. Reeds met Jesus se geboorte is die begrip “Koningskap” aan Hom verbind. Die woorde verwys verder na die feit dat die aardse koning van daardie tyd baie bedreig gevoel het en opdrag gegee het dat al die seuntjies vermoor moet word in ‘n poging om Christus dood te maak.

2. Tweedens verwys die woorde na die tyd in die geskiedenis. Die Ou Testamentiese tyd was verby en 400 jaar het sedert Maleagi (die laaste boek van die OT) verloop voordat God enige openbaring gegee het. Johannes die Doper was die eerste profeet weer na 400 jaar en hy verbind die OT aan die NT en lei die bedeling van die

Nuwe Testament in. Hy is die aankondiger van Christus se koms en daarom kondig hy ook aan: Die koninkryk van God het naby gekom.

Waar kom Johannes aan hierdie begrip? Hy en al die Jode het dit baie goed uit die OT geken. Reeds in **Genesis 1 : 1** lees ons: Aan die begin het God die hemel en die aarde gemaak. Die ganse skepping behoort aan God en Hy regeer daaroor. (Wys skyfie 5) God is Skepperkoning en Hy regeer oor die wêreld. En sy koningskap en regering bly vir ewig sê die Skrif. **Die duiwel** wou egter God se heerskappy omver gooi en hy dring homself met die sondeval tussen God en die skepping in. (Wys skyfie 6) Nou lyk dit oënskynlik of die duiwel regeer en sonde die wêreld oorgeneem het. **Maar God het reg van die begin af vir die wat in Hom glo belowe dat sy heerskappy weer sou seëvier**. Hy was hulle koning en sou sy volk lei. Daarom was God so ontsteld toe die volk met Saul 'n aardse koning wou hê en uiteindelik het die aardse koninkryk en konings van Israel tot niet gegaan.

Om hierdie rede beloof God in Jesaja 9 dat daar 'n ware Godskoning gebore sal word wat vir ewig sal regeer. Ons het daardie teks gesien. Tot 5 keer kom die begrip koning, koninkryk of heerskappy daarin voor. **En aan hierdie belofte het die volk vasgehou en Johannes die Doper gryp nou hierna terug**. Hy sê: daardie koning en sy ryk het nou naby gekom. Met Christus se geboorte het die deurbreek van God se heerskappy naby gekom en met sy kruis, opstanding en hemelvaart sou God se heerskappy weer sigbaar word. (**wys skyfie 7**) . Christus het die satan se heerskappy kom afbreek en God regeer nou deur Hom weer sigbaar die wêreld.

Brs en srs, die koninkryk van God of die koninkryk van die hemele **dui dus nie in die eerste plek op 'n gebied nie** want die hele aarde behoort immers aan God, dit is sy koninkryk. Die koninkryk van God beteken **dus hoe God sy heerskappy in en deur Jesus Christus sigbaar maak en uitbrei tot met die voleinding van die wêreld**. **(Wys skyfie 8)** Dat die duiwel verwyder word en God Drie-enig weer alleen en volkome regeer.

Die Koninkryk is dus 'n dinamiese begrip wat daarop dui hoe God elke dag sy heerskappy laat realiseer in die harte en in die dade van mense en hoe Hy dit uitbrei oor die aarde tot met Christus se wederkoms. Dit gaan dus om die uitbreiding van God se heerskappy, om dit bekend te maak en mense te laat buig onder die Koningskap van Christus. Dit gaan om die stryd teen die heerskappy van die duiwel en om hom in ons lewe en in hierdie wêreld te oorwin totdat Christus kom om hom finaal te verwyder.

Verstaan jy nou waarom die Koning van hierdie Ryk, Jesus Christus, net voor sy vertrek na die hemel aan ons as sy onderdane die **groot opdrag gegee het om van sy heerskappy te vertel**. Die **hoofdoel van die kerk** se bestaan is om self gehoorsaam aan die Koning te leef en vir almal van sy verlossende Heerskappy te vertel sodat hulle aan Hom gehoorsaam sal word en in sy ryk sal deel. Dit is waaroor die koninkryk van die hemel of die koninkryk van God gaan en **die kerk is deel daarvan en word deur God gebruik om die koninkryk te bou. Dit is waarom ek en jy deel aan die ryk van Christus.**

Maar brs en srs, net soos vandag, het mense reg van die begin af hulle eie agenda met God se koninkryk gehad. Die volk Israel wou vir hulleself 'n aardse ryk

bou en al God se genade net vir hulleself inpalm. Die volk het ten tye van Johannes die Doper steeds hierdie verkeerde verwagting gehad. Hulle het geglo dat die belofte van Jesaja 9 weer die aardse ryk van Israel met sy mag en voorspoed sou bring. Dit is waarom Johannes die Doper die Fariseërs en Sadduseer as geestelike leiers so hard aangespreek het want hulle het hulle godsdiens en hulle geloof in die koninkryk **van God bedryf net tot hulle eie voordeel**. En daarom kon hulle nie deel aan die ware ryk van God nie.

Wat beteken die Koninkryk dus nie en hoe moet ons nie daaroor dink of daarin optree nie?

1. **Dit is nie ons as mense wat God se ryk laat kom nie. Dit is Hyself.** Daarom word dit genoem koninkryk "van die hemel". Dit word uit die hemel gestuur, bestuur en gedryf" God gebruik ons slegs as instrumente of hulpmiddels om sy Ryk te laat kom. Wat beteken dit prakties: geen menslike plan, geen bedieningstrategie, geen gemeente se evangelisasieveldtog, sendingaksie of wat ook al kan sonder God se seën 'n bydrae lewer om sy heerskappy bekend te maak of te laat uitbrei nie.

   Dit beteken dat ons altyd nederig en biddend moet vra wat God wil hê ons moet doen. Dis nie ons kerk of ons koninkryk nie – dit behoort aan God en ons vra altyd eerstens: Here wat wil U hê moet ons doen. Daarom bid ons ook: Laat u koninkryk kom. **Dit brs en srs is wat ons as gemeente opnuut hierdie jaar sal moet doen. God het vir ons 'n nuwe bedeling laat aanbreek met die koms van ds Karel en saam sal ons opnuut moet besin hoe wil God ons as gemeente gebruik om sy koninkryk te bou.** Ons sal nie kan aangaan net soos tevore nie! Ons het ook al in ons manier van dink en doen vasgeval en sal weer opnuut moet vra: is ons nog besig om werklik ons opdrag uit te voer soos God dit wil of het ons dalk ons eie "koninkrykie" begin bou.

2. Die koninkryk van die hemel beteken tweedens ook nie dat ons God se koninkryk bou - soos baie mense glo - **deur Christelike skole, unniversiteite of verenigings of Christelike regerings nie.** Natuurlik is daar niks verkeerd met sulke instellings nie – maar ons kan nie die samelewing so verchristelik of dan so God se ryk uitbrei nie. **Dit is 'n geestelike heerskappy in die harte van mense en 'n Christelike skool of regering waarborg nie gehoorsaam aan God nie.**

3. Die Ryk van God is ook nie **'n "hemel op aarde" wat nou reeds geskep word nie.** Daar is gelowiges wat hulleself in kokonne wil toespin en niks met die wêreld te doen wil hê nie. **Nee, ons moet juis in die wêreld teen die bose stry, maar ons mag nie van die wêreld wees nie. – soos die wêreld doen nie.**

4. Die ryk van God is ook nie iets wat **net eendag met die wederkoms sigbaar gaan word nie.** Met hierdie gedagte wil baie gelowiges sê: ag dit help niks ond probeer nou iets doen nie. God gaan eers eendag alles laat verander. **Nee, God se heerskappy is nou reeds sigbaar , veral in die kerk en oral in die lewe waar Hy gedien word.**

5. **Die kerk en die koninkryk staan ook nie teenoor mekaar nie.** Daar is baie gelowiges wat sê: ek dien nie in die kerk nie, ek dien in die koninkryk. Asof die koninkryk daar buite die kerk is. Nee. Nie twee sirkels nie. Maar die kerk is in die koninkryk en die kerk moet die koninkryk laat uitbrei. Daarom het ek nie ‘n keuse tussen kerk en koninkryk vir waar ek wil werk of diensbaar wees nie. Ek is in altwee en moet in altwee dien.

En daarom geliefdes, roep die Here ons elkeen vanoggend op tot bekering oor ons denke en dade met betrekking tot die begrip “koninkryk van die hemel” . Elkeen van ons en ons as gemeente sal opnuut hieroor moet besin.

Hoekom? Wat die Koning van hierdie Ryk – Jesus Christus - et jou met sy bloed deel gemaak van sy ryk. Deur jou geloof heers Hy oor jou lewe en daarom het Hy die reg om jou vanoggend tot verantwoording te roep en te vra:
Wat doen jy in verband met sy koninkryk?
Is jy besig om sy ryk te dien of is jy hier net tot jou eie voordeel?
Is jy besig om sy opdrag uit te voer of maak jy net vir jouself geestelike gawes bymekaar?

Geliefdes, laat elkeen van **ons selfondersoek doen** in die lig van ons verstaan van die begrip koninkryk van die hemele. Regeer Christus waarlik in my hart of is ek maar nog aan stuur van my lewe? Is sy Ryk en die uitbreiding daarvan my hoogste prioriteit of bou ek my eie ryk van aardse voorspoed en genietinge?

Geliefdes, laat ons ons bekeer want Johannes die Doper sê: Christus doop net met twee dinge. Dit beteken Hy as die Koning van die wêreld gee net een van twee dinge aan mense:

1. **Eerstens: Sy Gees** waarmee ek Hom moet dien met my hele hart, my hele siel en al my kragte. Met sy Gees is ek tot alles in staat waartoe Hy my roep. Met Sy Gees kan ons as kerk met krag en groot oortuig in antwoord op sy roepstem sy evangelie boodskap aan almal verkondig met woord en daad.

2. **Tweedens doop Hy met vuur** – die ewige hel waarin almal sal ly tot in ewigheid wat nie voor sy koningskap gebuig het en Hom gehoorsaam het nie.

Daar is net hierdie twee keuses sê die Koning.

Daarom vra Hy jou nou: bekeer jou sodat Hy in jou en deur jou sy Ryk kan bou.

Amen